Ges. 118: 1, 2.
Ges. 62: 4, 5
Ges. 75: 3, 4

Die Grootste Gebod

? [Vinta] Strand 15.7.62.
Auk. 22 Julie 1962

Joh. 13: 31-35; 1 Joh. 4: 7-21

Joh. 15: 12 – Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.

Daar is baie mense wat nie hou van Johannes se beklemtoning v.d. liefde as eis vir ons Xt. lewe nie. Hulle sê dat hy glad te ~~sal~~ ~~[illegible]~~ oormatig die klem laat val op d. liefde en dat ander Xt. waarhede deur hom verswyg of ~~opsy~~ geskuiwe word nie tot hulle reg kom nie.

Nou is dit wel waar dat dit die evangelis Johannes is wat hy uitstek beide in sy Evangelie sowel as in sy alg. briewe die eis v.d. liefde sterk beklemtoon. Maar as ons mooi oplet sal ons sien dis nie Joh. i.d. eerste plek wat dit doen nie – in die opsig is hy eintlik net d. mondstuk, die woordspreker vir Iemand anders wat keer op keer d. eis v.d. liefde beklemtoon – nl. Jesus Christus self. Want dis Xtus wat d. gebod v. liefde tot God en ons naaste geformuleer het; ① (ook ander) dis Xtus wat in sy laaste gesprekke keer op keer d. liefde tot mekaar as gebod kom gee. Dis Xtus wat later deur sy Gees dit ~~aan~~ vir Paulus en Jakobus en Petrus se harte lê om keer op keer d. liefde as gebod te beklemtoon in hulle geskrifte. ① Xtus wat self liefde tot vyande kom gebied

En waar ons lewe in 'n wêreld waar liefdeloosheid en selfsug en wantroue en agterdog en haat v. vyandskap orals so duidelik bespeur en beleef word, daar is dit dringend nodig dat ons as Xtene sal vra: Wat het Xtus hier vir ons te sê? Waarom Xtus so sterk dit beklemtoon?

→ I Die Gebod om lief te hê: Laat ons dus nou sien wat presies Xtus van ons vra:

① Ons moet God liefhê met ons hele wese: verstand, hart, wil, alle kragte –

② Ons naaste soos onsself. — Toe Xtus hd. (wet) gekies het, het Hy dit met opset gedoen omdat Hy geweet het hoe lief elke mens homself het. ~~Want~~ Ken onsself goed genoeg om iets te weet v hoe lief ons onsself het.

En nou kan ons baie redeneer en filosofeer oor die volle omvang v. hd. gebod, Mr. oor een ding kan daar geen misverstand wees nie — oor d feit dat Xt. duidelik van ons eis dat ons God en ons naaste moet bemin. Niemand van ons sal eendag met eerlikheid voor God kan staan en sê: ons het nie geweet wat Xtus bedoel het nie!

→ Mr. die saak gaan wyder: Hoe belangrik is hd. gebod? Sê nou ons sit al Xt. se gebooie en opdragte langs mekaar en rangskik hulle in volgorde v. belangrikheid waar sal ons hd. gebod v. Xt. plaas? Hoe hoog of hoe laag op d. lys? (Soos speelkaarte dan skuif)

Gelukkig hoef ons dit nie te doen nie — want Xtus self doen dit vir ons. Hy sê baie duidelik dat dit Gebod Nr 1 is — dat dit voorrang geniet bo alle ander waarhede en gebooie — want dis d. vervulling van d. hele wet en die profesie! Dis d. gebod v. alle gebooie! Xtus noem maar gewoond om dit voorop te stel (vgl. Joh. 13 en 15)

II Die Tweeduidigheid v.d. Gebod: Die gebod begin by God — koppel ons aan d. Ewigheid as Xtus sê:

① Die Here jou God liefhê — daar die begin, die bron, die kern van alles! Mr. Xtus laat ons nie daar bly nie want Hy weet baie goed dat dit so maklik is om soveel te sê: Mr. ek het God soos lief! Hoe weet jy dit? Dan:

② Broederliefde: Dis Xtus se gebod v. Joh. 13:34 en Joh. 15:12 & 17 Wen Hy spesifiek as eis stel die onderlinge liefde van Xten tot Xten, van alle Xgelowiges. Vir julle almal, sê Xt., is daar d. duid. gebod dat julle mekaar moet liefhê.

En d. apostels hou nie op om h.d. gebod van Xtus te herhaal en te beklemtoon nie:

- 1 Kor. 13:1 –
- 1 Petr. 3:8 – Wees almal eensgesind, vol broederliefde
- 1 Petr. 4:8 – Maar b. alles moet julle mekaar innig liefhê
- 1 Joh. 4:7-21 – vs 20: As iemand sê: Ek het God lief en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar

③ Naasteliefde:

a) Moet suiwer wees: Rom 12:9 (ongeveins)

b) " prakties wees: alle verhoudinge: huwelik, huisgesin, sy(?) teenoor, werkgewer teenoor werknemer

c) " onbegrens wees: Joh. 15:17 en 1 Joh 3:16 – ons lewe vir ons broeders aflê.

④ Liefde tot vyande: Nr. Xtus hou nie op by ③ nie – dis asof Hy ons nie wil loslaat nie – Hy wil ons leer dat hier 'n gebod is sonder grense, met geen voorwaardes en allerlei reserwes wat ek kan stel of afop nahou nie. Daarom trek Hy dit deur na ons vyande Matt. 5:43-45 en Rom 12:19-21 – asof Hy wil sê: Hier is die toets vir die ware liefde: Kan jy ook jou vyand liefhê? Kan jy hom seën wat jou vervloek? Kan jy hom vergewe wat jou wil verdelg?

Hoe geweldig wyd laat Xtus die eis van die liefde uitkring! Hoe geweldig diep gryp Hy in in ons mees verborge gedagtes en gewaarwordinge! Hoe duidelik laat Hy ons verstaan: Dis vir Hy erns, lewensernis, as dit gaan om die gebod v.d. liefde: want die gebod is die hart van alle godsdiens. Waar dit nie bestaan nie, is alle suiwerheid van leer, alle vorms van aanbidding tevergeefs! „Al sou ek ... en d. liefde nie" liefhê nie

III Die Uitvoerbaarheid v.d. Gebod: En dit bring my nou by die derde en (vir ons Xt. lewe) seker die belangrikste punt: Is hd. gebod uitvoerbaar? Kan dit werk? Is dit prakties? En as dit werk – werk dit so goed dat dit die moeite werd is om afmee aan te hou?

U weet daar is baie mense wat dadelik vir u sal sê: ① Die gebod self is baie mooi mr. ons leef nou eenmaal in 'n wêreld vol haat en selfsug & agterdog waarin daar geen plek is vir d. beoefening v.d. hd. gesindte liefde nie; jy moet net so hard wees soos d. wêr. anders kry jy net stank vir dank!

② Ander mense sê: dis 'n siekklike sentimentaliteit wat hier openbaar word en alom hopeloos onnodig. Want Xtus praat wel v.d. liefde, mr. hoe kan jy liefde beoefen sonder waarheid en geregtigheid?

③ Ander weer sê: Ons erken – dis d. enigste antwoord op d. haat en wantroue en lewe v.d. wêr. – maar g'n mens kan ooit dit nakom nie! Xtus vra te veel van vlees en bloed!

Weet u wat antwoord Xtus op al hd. dinge?

① Hy verlaag nie sy hoë en heilige standaarde ter wille v. ons mensl. swakhd en sondighd nie. En hoe dankbaar moet ons wees dat Hy dit nie doen nie! Nee – maar Hy doen baie meer:

② Hy kom stort in ons lewe 'n nuwe krag, 'n bonatuurlike lewe uitdeur Sy liefde vir ons so 'n werklikheid word dat ons ook dd. liefde begin nastreef en uitgee aan ander!

③ Hy kom leer ons d. geheim dat hd. liefde tot God, tot medeXten, tot naaste, tot vyand nie groei deur daaroor te praat of te preek nie, mr. deur daaroor te bid en dit dadelik te begin beoefen!

Hoe weet ek of ek God liefhet? Hoe meet ek my liefde tot God? U liefde tot God? Die mens wat voor my staan dat ek kan sien, voel, hoor hoe lief ek Hom het nie! ←

Daar Xtus baie eenvoudige, prakt. toets gestel: